# Les 4 JESUS CHRISTUS VAT ONS PLEK ONDER DIE WET VAN GOD: SYNE IS MYNE EN MYNE IS SYNE

## 1. Jesus vat ons plek – onder die wet van God

Kom ons lees Galasiërs 4:

"[3] *En so is dit ook met ons. Toe ons nog geestelik onmondig was, was ons slawe van wettiese godsdienstige reëls. Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe* [5] *om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word.*"

Wat is sondaars se posisie by God volgens vers 5?

Sondaars is "aan die wet onderworpe". Om onderworpe te wees beteken om regeer te word. Wat God met jou doen, word nie bepaal deur jou gevoelens, jou gesindheid of jou idees nie. Wat God met jou doen, word deur die wet bepaal. So is jy aan die wet onderworpe.

Dit is soos met 'n verkeerskonstabel. Wat hy met jou doen, word bepaal deur die verkeersreëls en verkeerswette. Jou mooi glimlag, jou sagte stem, jou gewillige en inskiklike houding, help niks nie. As jy die reëls oortree, tree hy op volgens die reëls.

Dit is wat Paulus bedoel dat ons slawe van wettiese godsdienstige reëls was. Wat God met ons moes doen, was bepaal deur die wet van die Here, nie ons mooi houding nie. Die wet bepaal dat ongehoorsaamheid met die ewige dood gestraf moet word, en dat ons gehoorsaam moet wees om aanvaarbaar te wees.

Hoekom het God ook mens geword? Sodat God self ons plek onder die wet inneem. Dit is wat verlossing in die Bybel beteken: God self vat ons plek onder die wet.

## 2. Syne is myne, en myne is syne

Wat gebeur as die Here self ons plek onder die wet vat?

Ons plek onder die wet word syne, en sy plek onder die wet word ons s'n.
Syne word myne, en myne word Syne.

Paulus beskryf hierdie omdraai en verwisselinging van plek só in 2 Kor.5:

*" [21] Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees."*

Christus was as mens sonder sonde. Wat moet God met 'n mens doen wat sonder sonde is, straf of vryspreek? Hy moet hom vryspreek! Wat doen God met Christus? Hy behandel Hom as sondaar. Dit beteken Hy word gestraf.

Wie se behandeling kry Christus as God Hom straf? Hy kry óns behandeling. Ons is sondaars. God moet óns straf.

Wat kry ons? Ons kry die behandeling wat Hy moes kry. Ons word vrygespreek!

Ons kry sy behandeling en Hy kry ons behandeling. Ons kry sy vryspraak en Hy kry ons straf.

Dit is die wonder van wat met ons gebeur omdat Jesus vandag mens en God is: God self neem ons plek onder die wet in. Hy kan dit doen, want Hy is ook mens. God self behandel ons nie meer as sondaars nie, maar Hy behandel ons soos Hy sy eie Seun behandel.

| |
|---|
| Dit is die formule waarop God ons verlos van ons sonde en ons sy kinders maak: syne is myne, en myne is syne. |

**3. <u>Op twee maniere: versoen en verenig</u>**

Hierdie omdraai en verwisseling van ons plek onder die wet, met Jesus se plek onder die wet, werk op twee maniere: die manier waarop Jesus God is, en die manier waarop Hy mens is.

Die manier waarop Hy God is, noem die Bybel versoening met God; en die manier waarop Hy mens is, noem die Bybel vereniging met Jesus as mens.

Elke keer met versoening en met vereniging, werk ons verlossing op hierdie manier: syne is myne, en myne is syne.

**4. <u>Vereniging</u>**

Ons word met Jesus as mens in die hemel verenig.

Kom ons kyk weer na 2 Kor.5:

"21 *Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.*"

Paulus sê ons word deur ons eenheid met Christus, vrygespreek. Hierdie eenheid beskryf hy in verse 14 en 15:

*"14 Die liefde van Christus dring ons, omdat ons tot die insig gekom het dat een vir almal gesterwe het, en dit beteken dat almal gesterwe het. 15 En Hy het vir almal gesterwe, sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is."*

Jesus is mens in die hemel, en ons is mense op aarde. Tog sê die Bybel dat daar ŉ eenheid is tussen ons as mense op die aarde en Jesus as mens in die hemel.

Hierdie eenheid werk só: een het vir almal gesterf, en daarom het almal gesterf.

Wie het vir ons sondes aan die kruis gesterf op Golgota, ons of Jesus Christus? Dit is Jesus Christus alleen. Nou sê Paulus omdat Jesus vir ons sondes gesterf het, beteken dit dat ons almal vir ons sondes gesterf het.

Hoe werk dit? Ons lewe en ons het nie vir ons sondes gesterf nie. Ons gaan ook nie later vir ons sondes sterf nie.

Dit werk só: ons word deur God by Jesus as mens ingesluit. Ons word met Jesus verenig. Alles wat Hy as mens vir ons sonde gedoen het, is ons mee verenig – ons deel dit met Hom as mens in die hemel. Al die sonde wat ons doen, deel Hy met ons. Ons is verenig. Dit is syne.

Hoe gebeur dit? Paulus sê in 2 Kor. 5: 18: *" Dit alles is die werk van God"*. God sluit ons by Christus as mens in die hemel in, en op hierdie manier is daar ŉ eenheid tussen ons en Hom as mens. Omdat daar hierdie eenheid is wat God alleen maak – deel ons alles met Jesus as ons eie, en Hy deel al ons sonde as sy eie.

Sy geboorte is my geboorte. Sy lyding onder Pontius Pilatus, is my lyding. Sy kruisiging is my kruisiging. Sy dood is my dood. Sy begrafnis is my begrafnis. Sy hel is my hel. Sy opstanding is my opstanding, en sy hemelvaart is my hemelvaart.

Alles wat Hy as mens onder die wet van die Here gedoen het en vandag nog doen – is myne. God maak my een daarmee en dit tel vir my. Alles wat ek verkeerd doen, is syne.

Dit is die wonder van hierdie eenheid: syne tel vir my, al doen ek dit nooit self nie. Ek self ly nooit vir my sonde nie, gaan nooit hel toe vir my sonde nie, moet nooit self uit die dood opstaan vir my sonde nie – Jesus doen dit en ek deel dit met Hom. Alles wat ek doen, of ek steel, of vloek, of die Here minag – is Syne, en daarvoor dra Hy die straf.

Dink maar hoe werk Pa se motor! Dis syne. Hy gooi die petrol in. Hy laat dit regmaak. Hy koop die bande. Hy bestuur dit. Maar al die kinders sê dis hulle s'n. En dis reg. Hulle is ingesluit by Pa, en daarom is hulle ingesluit by sy motor.

Net so is ons ingesluit by Jesus as mens in die hemel. Alles wat Hy as mens onder die wet reg doen – is ons s'n. Alles wat ons onder die wet verkeerd doen – is syne.

**5. Versoen**

Ons word met God versoen.

*"[18] Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. [19] Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou. [20] Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het! [21] Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees."* (2 Kor.5)

Versoening is iets heeltemal anders as vereniging.

In vers 19 en 20 word beskryf hoe werk die tipe versoening wat God bewerk. God reken ons nie ons sonde toe nie. God behandel ons nie as sondaars nie.

Hoe word sondaars behandel?

God wreek Homself op sondaars. God se wraak is dat Hy sondaars in die openbaar tot skande maak en hulle in hulle sonde verneder. God word woedend vir sondaars. In sy woede vernietig en straf Hy sondaars.

*"[25] Ek gee my woede teen jou vrye teuels: hulle sal hulle op jou wreek en jou neus en jou ore afsny. Wat van jou inwoners oor is, sal met die swaard doodgemaak word. Hulle sal jou seuns en jou dogters vat, en wat van jou oorbly, sal verbrand word. [26] Hulle sal jou klere uittrek en jou juwele vat. [27] Ek gaan 'n end maak aan jou aanstootlike gedrag, jou onsedelikheid wat jy al in Egipte bedryf het. Jy sal nie meer na minnaars kyk nie en nie meer aan Egipte dink nie." [28] So sê die Here my God: "Ek gee jou oor in die mag van dié wat jy haat, dié in wie jy 'n weersin gekry het. [29] Hulle sal hulle haat teen jou laat geld, hulle sal alles vat waarvoor jy gewerk het en jou kaal, sonder klere los. Almal sal jou onsedelike naaktheid sien. Jou afstootlike gedrag, jou onsedelikheid [30] doen dit aan jou. Jy het in jou ontrou ander nasies nagevolg en jou met hulle afgode verontreinig. [31] Jy het jou suster se voorbeeld gevolg, en daarom het Ek jou die beker laat drink wat sy moes drink." [32] So sê die Here my God: "Jy sal die beker drink wat jou suster moes drink, 'n diep, wye beker. Jy sal bespot en uitgelag word, want daar is baie in die beker."* (Esegiël 23)

Net so haat God sondaars en die wat Hy haat, verwerp Hy vir ewig. God is toornig, grimmig en kwaad vir sondaars. In sy toorn, grimmigheid en kwaad, oordeel, vervloek en bestry God sondaars.

Dit is hoe God sondaars behandel.

Versoening is wanneer God sondaars net mooi die teenoorgestelde behandel. Hy wreek Hom nie, maar is barmhartig. Hy is nie kwaad nie, maar goed. Hy haat nie, maar het lief. Hy is nie grimmig nie, maar geduldig. Hy is nie toornig nie, maar genadig. In Psalm 103 word God se versoening só beskryf:

*“ [8] Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde. [9] Hy sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie. [10] Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie, [11] want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien. [12] So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af. [13] Soos ’n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien. [14] Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons stof is.”*

Hoe gebeur dit dat God sy kinders nie volgens hulle sondes behandel nie, terwyl Hy al die ander mense volgens hulle sonde behandel?

Dit gebeur só: syne is myne, en myne is syne.

Jesus word in my plek as sondaar behandel: Hy kry die haat, die woede, die toorn, die grimmigheid en kwaad wat ons as sondaars moes kry. Ons kry die barmhartigheid, genade, liefde, ontferming en goedheid wat Jesus – die Seun van die Vader – moes kry.

## 6. <u>Die geheim van verlossing</u>

Dit is die geheim van hoe God ons van ons sonde verlos: syne is myne, en myne is syne.

Kyk hoe sê Paulus dit in Efesiërs 3*:*

*“ [5] Nog nooit tevore in die geskiedenis is die geheimenis aan die mensdom bekend gemaak soos God dit nou deur die Gees aan sy heilige apostels en profete geopenbaar het nie. [6] En dít is die geheimenis: deur die verkondiging van die evangelie en in hulle verbondenheid met Christus Jesus, word ook mense wat nie Jode is nie, saam met ons deel van die volk van God en lede van die liggaam van Christus, en kry hulle ook saam met ons deel aan wat God belowe het.”*

Ons verbondenheid met Christus is: syne is myne, en myne is syne. Ek word met Hom as mens in die hemel verenig, en met Hom as God by my op die aarde, versoen.

Op hierdie manier kry ek dan deel aan die Abrahamsbeloftes – dit wat God belowe het.

## 7. <u>Afgodsdiens draai alles om!</u>

Dit is hoe afgodsdiens werk – dit draai alles wat die Here doen, onderstebo!

*“[10] Daar word goed gedoen aan die goddeloses, maar hulle leer nie wat geregtigheid is nie, hulle verdraai die reg en erken nie die mag van die Here nie. [11] U staan gereed om hulle te straf, Here, maar hulle steur hulle nie daaraan nie. Laat hulle ondervind dat U vir u volk opkom: laat die pogings van hierdie teëstanders van U misluk, laat vuur hulle verteer.”* (Jesaja 26)

[3] *Al wat die regeerder vra, is dat hulle goed moet sondig; die regter vra omkoopgeld, die vername praat net oor wat hy begeer. Hulle verdraai alles.* (Miga 7)

Die geheim van die godsdiens is: ons kry Jesus se plek onder die wet, en Hy kry ons plek onder die wet.

Alles gaan dus oor die Tien Gebooie en gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie. Hy kry ons ongehoorsaamheid en ons kry sy gehoorsaamheid.

Hoe draai afgodsdiens hierdie geheim van die verlossing om?

In bygeloof draai mense God en mense se lewens en krag om. Hulle maak God deel van die mens se lewe, en die mens deel van God se lewe. Hulle maak God deel van die mens se krag, en die mens deel van God se krag.

Mense wat afgodsdiens beoefen, maak van Jesus hulle afgod. Jesus moet alles wat God reg draai, vir hulle omdraai.

In afgodsdiens vat Jesus nie meer ons plek onder die wet nie. Hy vat nou sommer ons plek in die lewe in. Hy moet vir my lewe instaan. En mense wat afgodsdiens doen, vat Jesus se plek in sy lewe in: hulle wil sy lewe as God en sy krag as God, met Hom deel.

Wat deel ons met Jesus in hierdie eenheid: syne is myne, en myne is syne?

Ons deel sy plek as mens onder die wet, en ons deel die behandeling wat Hy as mens van God die Vader gekry het. Ons deel nooit in sy krag of lewe as God nie.

In afgodsdiens klink die verdraaiing só: ons verenig onsself met God, en God moet Hom versoen dat ons Hom net soos ŉ mens, een van ons, behandel.

In godsdiens werk die verlossing net mooi andersom: Ons word met Jesus as mens verenig, en God versoen ons met Hom.

**8. <u>Opsomming</u>**

Jesus vat ons plek onder die wet: syne is myne, en myne is syne. Ons is met Hom as mens in die hemel verenig, en Hy versoen Hom as God met ons op aarde.

Kyk of julle hierdie verlossingwyse in die volgende verse in Filippense 3 kan raaksien:

*“ [7]Maar wat eers vir my ’n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, [8] ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry*

*[9] en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo. [10] Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, [11] in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood."*